

## **De Heer is my Herder**

Oorspronklike titel: De Heer is mijn herder

Teks en musiek: Marcel Zimmer

Afrikaanse teks: 2007 Faani Engelbrecht

© 2000 Celmar Music

*Die Heer is my Herder,  
Hy is alles wat ek nodig het.  
Hy bring my tot rus  
en Hy gee nuwe krag.  
Hy lei my steeds verder  
op die regte pad, wat ek moet gaan.  
Die Heer is my Herder.*

Al gaan ek deur 'n donker dal,  
ek hoef nie bang te wees.  
Ek weet dat U my by sal staan,  
U is naby, Heer.

*Die Heer is my Herder ...*

Want wat ook al met my gebeur,  
U help my telkens weer.  
U gee my wat ek nodig het,  
en nog soveel meer.

U goedheid en U liefde Heer,  
volg my vir altyd.  
En ek mag naby aan U bly,  
tot in ewigheid.

*Die Heer is my Herder ...*